RAADSBELEID

ONDERWERP : VERGOEDING VIR ASEMSIFTINGSTOETSE

VERWYSING : 5.20.1.2.6

BESLUIT NR : 17.4/02/2004 DATUM : 23 Februarie 2004

BELEIDSOOGMERK : Om prosedure daar te stel vir Maatskappye en ander Instansies wat Asemsiftingstoetse wil doen op hul werknemers wat vermoedelik onder die invloed van alkohol werk.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad erken die rol wat hy in die gemeenskap verrig en wil deur die verskaffing van asemsiftingstoetse ‘n produktiewe diens aan die gemeenskap lewer deur veiligheid in die werkplek te verseker.

RIGLYNE

Die asemsiftingstoets word slegs as ‘n siftingsmetode gebruik om vas te stel of ‘n persoon wél alkohol gebruik het.

PROSEDURE

1. ‘n Maatskappy of Instansie wat vermoed dat ‘n Werkmener onder die invloed van alkohol aan diens is moet die persoon na die Verkeerskantoor bring.

1.1 Die persoon word in die teenwoordigheid van sy Hoof of Toesighouer deur ‘n Verkeersbeampte gevra om te blaas.

1.2 Indien die persoon weier om te blaas, sal hy nie deur die Verkeersbeampte verplig word nie.

1.3 Indien die persoon blaas, sal die Verkeersbeampte ‘n Asemsiftingssertifikaat , wat bevestig dat die persoon wél geblaas het, asook die lesing wat die Lion Asemtoetsapparaat aantoon, uitreik.

2. Die uitslag sal slegs bekend gemaak word en die sertifikaat word, teen betaling van die voorgeskrewe tarief, uitgereik.

ROLLE

Die Afdeling Verkeersdienste.

VERWANTE BELEID

Tarief Bundel.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.